# Boekbesprekings / Book Reviews

**AMERICAN CAESAR: Douglas MacArthur, 1880-1964, by William Manchester. Little, Brown, 1978. 793p. R16,70.**

The narrative begins on a hilltop in Tennessee in 1863. It is Missionary Ridge where 18-year-old Lt Arthur MacArthur, the father of Douglas MacArthur, won the Medal of Honour. Arthur, who later became a Lieutenant General, was the driving spirit behind Douglas throughout his career.

The biography of Douglas MacArthur spans eight decades of American military history and describes the life of a man who served his country for 48 years (33 as a general officer); won 13 combat decorations for heroism (including the Medal of Honour and the Distinguished-Service Cross); and had reached the pinnacle (fivestar rank) at his careers end.

Manchester, the gifted storyteller, presents MacArthur in all his many faceted glory, complexity and contradiction. MacArthur, as Manchester so ably puts it, '. . . was a great thundering paradox of a man, noble and ignoble, inspiring and outrageous, arrogant and shy, the best of men and the worst of men . . . no more baffling soldier ever wore a uniform'.

The reader follows MacArthur from West Point where he graduated top of his class; the Phillipines where he first came under fire; Vera Cruz where his daring raid caused him to be recommended for the Medal of Honour; World War I and his heroics in the AEF; West Point as superintendent; the Bataan retreat (WWII) and the landing at Inchon (Korean War) where he displayed his genius as a strategist. Finally back to West Point and that unforgettable farewell address to the corps of cadets.

Here then we have the life-story of a man whose whole life was the army and yet who at the end of it asserted, 'I am one hundred percent disbeliever in war'.

Highly readable with a magnificent array of photographs, this book is not only a biography but a study of command.

**Col V. C. Muller**

---

**CONTEMPORARY POLITICAL IDEOLOGIES BY Roy C Macrides, Cambridge, Massachusetts, Winthrop, 1980.**

In 'Contemporary Political Ideologies' vind ons 'n geskrif van uitstaande gehalte oor politieke ideologieë deur prof Macrides, akademikus en outeur van gesaghebbende staatsleer werke. Sy strewe, nl om nie te ideologies te raak in sy besprekings nie, is wel deeglik bereik soos dadelik gesien kan word uit die sistematiese uiteensetting van die inhoud.

Sy analise vooraf onderstreep die verskil tussen filosofie, teorie en ideologie. By die totstandkoming van alle politieke bewegings en deurgaans by die bespreking van elke nuwe rigting, bring hy weer hierdie element van die belangrikheid van die menslike intellek na vore. Dit laat die student teen wil en dank met 'n groter respek vir en omsigtigheid in sy benadering tot so 'n lotsbeslissende vak soos die politiek. Soos hy tereg in die voorwoord die gees van die boek saamvat — 'Ideologies fashion our motivations, our attitudes and the political regimes under which we live. They shape our values. Theory and philosophy involve contemplation, organisation of ideas and whenever possible demonstration.'

*Prof. Macrides onderskei drie groepe politieke ideologieë, nl*

a. Status quo ideologieë;
b. Radikale en revolusionêre ideologieë;
c. Hervormingsgerigte ideologieë

*en pas dan daarby die stelsels in 'n uiteensetting in, soos volg:*

**Deel 1: Demokrasie (regering deur die massa) — vertakkings en aanverwante rigtings.**

1. *Kontemporêre Demokrasie.* Bevat vier kernkonsepte van demokrasie nl gelykheid, vryheid van die individu, 'n regering gebaseer op die goedkeuring van die wat regeer word, beperkings op magte van die staat.

Die Achilles-hiel van hierdie stelsel vat hy so saam: 'Democracy is a fragile system: it may collapse when political parties or social movements can succesfully establish 'private armies' whose resort to violence, street fighting, bombings, the breaking up of their opponent's meetings, or simply intimidation — cannot be controlled by the elected authorities.'[8]

Interessant onder hierdie indeling is die uiteensetting van die Demokrasie in die Derde Wêreld (Asië en Afrika-lande). Die skrywer wys hoe 'n verlegging in klem en vertolking die basiese demokratiese kerne verander het tot die onherkenbare en vreemd aan die ware Demokrasie — inderdaad die Demokrasie is 'n kwesbare stelsel.

2. *Liberale Demokrasie.* Hier word onderskei tussen drie kerne as grondslag nl:

a. Morele kern.
b. Politieke kern.
c. Ekonomiese kern.

By die *Morele kern* kom persoonlike vryheid (denke, spraak, geloof, sosiale vryheid). Alle individue (ongeag klas, ras, geloof) kan 'n posisie in die samelewing verkry.

Die *Politieke kern* het vier basiese beginsels:

i. Individualisme.
ii. Verteenwoordiging in 'n verteenwoordigende regering.
iii. Konstitusionalisme.
iv. Algemene soewereiniteit.

Die *Ekonomiese kern* hou in die reg tot eiendom, erfenis, versameling van rykdom, kapitaal, ens.

'n Interessante vergelykende voorstelling van die ontwikkelingsgang vanaf die Franse 'Laissez-faire' politiek as een pool, tot die welsynstaat en eventueel, sosialisme, word gegee.

In die ontwikkelingsgang lig Prof Macrides die prestasies van die Liberalisme as volgende baken uit: dit is afskaffing van slawerny, vryheid van die pers, spraak — 'n merkwaardige rekord tov siviele en politieke regte en ekonomiese vryheid.

Die sirkel-gang van oorsaak en gevolg, gevolg en oorsaak word deurgaans waargeneem . . . 'man in society not only lives his individual life: he also modifies the form of social institutions in the direction indicated by reason — in such a manner that will render them more efficient for securing freedom'. (Fabian essays in Socialism).

Prof Macrides stip die evolusie-proses binne die drie oorspronklike kerne van die Liberale Demokrasie tot op die huidige klimaat in die wêreldpolitiek uit. Versoening tussen Liberale Demokrasie en Radikale Demokrasie lei tot die mening dat die Staat se rol nie net as ondersteunend of regulerend, maar as komplimentêr tot die privaatlewe gesien word. Hierdie kombinasie van denke noem hy die Sosialistiese Impuls met as gedagte-oorsprong die Franse sosialis Proudhon se leuse — 'property is theft' Meeste van die sogenaamde 'nuwe nasies' doen 'lippediens' teenoor die demokrasie, maar verwerp teenspraak, politieke kompetisie, pluralisme en onderskryf 'n eenpartystelsel of individuele outoritêre leierskap.

**Deel II wat handel oor kommunisme.**
Hierdie deel is baie insiggewend en die leser word duidelik wys wat die variasies daarvan inhou tw Leninisme, Stalinisme, Titoisme, Maoisme, Eurokommunisme, Nazisme, Fascisme en die 'Nuwe Linkse' revolusie.

**Deel III. Laastens word behandel die Nasionalisme en die 'Nuwe nasies'.** Binne die ± 70 Volkstate wat na wêreldoorlog II verrys het in Afrika, Asië en die Midde-Ooste het die vreemde teenstrydigheid begin ontstaan, naamlik dat die nasionalisme waaraan hulle juis hul ontstaan te danke het, nie meer bevrediging aan 'n nuut ontstane Etno-nasionalisme kan bied nie. Die Etno-nasionalisme het nou as wapen die nasionalisme om hulle tot aksie te voer. Die aanklank van die Marxisme by hierdie nuwe etniese bewussyn en die uiteindelike impak van die Leninisme as 'tool for revolution' tesame met die 'Loconationalist' neiging word 'n onmoontlike situasie. Prof Macrides noem hier dat die verskynsel dalk die begin van die einde vir die Volk-state kan voorspel.

Die aanbieding van die onderwerp, al is dit ideologies van aard, maak 'n definitiewe aanspraak op die leser (hetsy historikus, politikus, militaris, filosoof) se volle aandag want hier saam met die suiwer wetenskap is die hele kwessie van die mens en menswees vervat. Die belangrikheid van die mens kan duidelik gesien word uit die interessante en bestudeerde plasing van die biografiese gegewens van die persone binne politieke situasies en/of wysgerige tydperke. Die werk kan sterk aanbeveel word op alle vlakke. Vir die leek sal dit interessant wees, histories gesien, en insiggewend vir die tyd waarin ons leef; vir die staatsleer student as handboek en met uitstekende bibliografiese verwysings vir verdere studie; binne militêre opset vir Inligting en Bevelsinformasiestudente en dosente 'n noodsaaklikheid vir oriëntering binne die groter geheel.

**C. PRINSLOO**